

Jan Steyn preek 30 September 2018

Tema: Dubbele burgerskap

Teks: Jesaja 29:1-14 en Mattheus 5:13-16 en Mattheus 22:15-21

Inleiding:

Christene is burgers van die hemel. Dis ons ewige burgerskap. Dit staan in soveel woorde in Fillipense 3: 20. Ons is burgers van die hemel van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. As jy egter net aan die hemelse burgerskap alleen vashou, gaan jy dalk dink hierdie lewe en hierdie aarde maak nie saak nie. As jy jouself net sien as burger van die hemel, is die hemel tog waarna jy uiteindelik op pad is en eintlik al wat regtig belangrik is. Dan onderskei jy baie keer tussen kerkmense en mense buite die kerk- dan is ons gered en hulle is sondaars. Dan gaan onderskei jy die kerk van die wêreld of stel hulle teenoor mekaar- die kerk wat goed is, is hier binne en die wêreld wat in wese sleg en boos is, is daar buite. Die belangrikste wat jy dan moet weet is dat jou saak met die Here reg is en dat as jy sterf, jy hemel toe gaan. Mense wat net aan hul hemelse burgerskap vashou, is dikwels geneig om onbetrokke te wees by wat in die omgewing om hulle aangaan.

Christene is egter ook burgers van die stad of dorp en die land waarbinne hulle bly. Dis ons tydelike, aardse burgerskap. Dit kan wees dat jy aan die ander kant net aan hierdie aardse burgerskap gaan vashou. Al wat dan saak maak is wat jy kan doen en mense saam gedoen kan kry om ons land en ons dorp hierdie beter plek te maak. My geloof is iets wat ek privaat beoefen, maar in die openbare lewe maak ek my bydrae as net nog iemand wat dinge wil regruk en beter maak. Ek is bekend as hierdie mens wat dinge gedoen kry en by baie mooi dinge betrokke is, maar niemand sal noodwendig weet ek is 'n kind van die Here nie.

Dis net as ek en jy onself verstaan as mense met hierdie dubbele burgerskap, van die hemel, maar ook van Suid-Afrika en Malmesbury, dat ons ons roeping as kinders van die Here Bybels sal verstaan.

Ek wil bietjie saam met julle gaan kyk hoe Jeremia 29 ons kan help om hierdie dubbele burgerskap van ons te verstaan.

Die eerste is: Wees betrokke en neem verantwoordelikheid:

Ons lees dit in vers 5: Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan, trou en bring kinders in die wêreld en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring.

Hier rondom 589 voor Christus het die Babiloniers, die magtigste moondheid van daardie tyd die mense van Juda wat Jerusalem as hul hoofstad gehad het, in ballingskap weggevoer. Hulle is dus uit hul eie land weggeneem, teen hulle sin en met geweld oor honderde kilometers se woestyn na die Babiloniers se land toe. Daar is hulle in hul eie woonbuurt bymekaar gesit. Die Israeliete het geleef soos parasiete op die samelewing van Babilon. Laat die Babiloniërs vir ons sorg en kos bring en huisvesting gee, want die profete wat hulle daar in Babilon bedien het, het vertel dat hulle gou weer huis toe sal gaan. Hoekom saai jy as jy voor oestyd weet terug kan gaan Jerusalem toe. Moet dus nie huise bou en betrokke raak by die samelewing om julle nie. Leef uit die hand van die Babiloniese welsyn totdat die Here julle spoedig gaan terugstuur na julle eie land toe. Dis waar julle huis is en dis waar julle tuis sal wees. Hou julle eenkant van hierdie mense, want hulle kultuur en julle kultuur is nie dieselfde nie. Suiwer Jode is Jode wat net met hul eie mense meng. Daar is baie Christene wat ook maar met hierdie denkwysse leef. Hou jou eenkant van mense wat nie Christene is nie, want ons is heilig en reg met God en hulle daar buite die kerkmure is sondig en weg van God. Nou help **Ed Stetzer** my baie met waarvan ons as Christene ons wel van moet distansieer: "Christians need to recognize that holiness is separation from sin, not separation from sinners. (Eintlik moet ons daarmee saam besef dat ons self altyd sondaars is en bly) Put another way, **holiness does not mean separation from people in the culture around us, but separation from the sin in the culture around us.**"

Die mense in Babilon leef in hul eie Joodse borrel in Babilon. Hulle verwag soos die profete hulle vertel het om spoedig terug te keer na hul eie land en mense. Nou stuur Jeremia uit Israel vir die mense in ballingskap hierdie brief wat vertel dat hulle 70 jaar daar gaan bly- dis seker twee geslagte. In wese vertel Jeremia hulle: Julle is nie daar om uit te kamp nie. Julle gaan lank daar wees. Begin daar leef, want mense wat leef vir eendag as dinge verander, verloor vandag en die moontlikhede van vandag.

Jeremia se woorde herinner ons vandag dat ons nie net verantwoordelikheid moet neem vir ons hemelse burgerskap so asof dit net saak maak waarheen ons op pad is en nie waar ons nou is nie. Ons moet ook verantwoordelikheid neem vir ons aardse burgerskap en die verantwoordelikhede wat daarmee saamgaan ten volle omhels en aanvaar en opneem. Dis een van Suid-Afrika se grootste probleme- ons staan op die regte en voorregte wat burgerskap van hierdie land vir ons inhou. Te min mense wil weet van die verantwoordelikhede wat saam met hierdie burgerskap gaan.

Die tweede is: Bevorder die belange van jou stad of dorp: Letterlik soek die welsyn van die stad (vers 7):

Ek lees die afgelope week die artikel van dr Danie Langner van die Voortrekkers met die titel Anderkant woede. Hy skryf hier spesifiek oor Afrikanermense as volg:

Die gemiddelde Afrikaner van vandag

Wil graag hê sy kinders moet in 'n goeie skool wees, maar wil nie by die skool betrokke wees nie

Wil graag in 'n veilige omgewing bly, maar wil nie buurtwagpatrollies ry nie

Kla oor die stukkende paaië, maar wil nie slaggate regmaak nie

Kritiseer graag, maar doen niks.

Die eerste wat deur hierdie opmerkings weerspieel word is dat ons as Afrikaners se grootste probleem nie die regering of die ekonomie is nie, maar hierdie apatiese kultuur van wag dat iemand anders dit vir my doen of vir ons doen. Die tweede wat hieruit na vore kom, is dat ons as Afrikanermense belang of welsyn meestal as iets persoonlik sien. Dit gaan oor myself, my kinders en my familie se belange of welsyn. Ons verstaan nie hierdie begrip van die belang van die gemeenskap as geheel so goed nie. Ons swart broers en susters verstaan dit beter. Verlede week met die optog na die landdroskantoor toe vra ek my Xhosa bediende. Hoekom het die mense dorp toe gemarch Eunice? Ek was so half kwaad vir die hele besigheid want sy is gedwing om teen haar sin ook aan die optog deel te neem of hulle sou haar huis afbreek. Haar antwoord het my nogal bietjie geruk. Ds, dit gaan oor twee kinders wat verkrag is. Die mense march dan, want as een van ons seerkry, kry ons almal seer. Ons sou gedink het die oortreders is gevang en die gereg moet nou maar sy gang gaan en hulle agter tralies kry. Ons sou nie dorp toe geloop het om ons eensgesindheid aan daardie kinders en hulle families te gaan bewys nie.

Selfs mense naby aan die politiek vertel my politici gaan nie hierdie land alleen kan verander of laat omdraai nie. Hulle het seker hulle rol om te speel, maar dit is redelik beperk. As Suid-Afrika moet verander, gaan die burgerlike samelewing, dis nou ek en jy en hierdie gemeente ons rol moet speel. Ons gaan nie maar eenkant kan sit en kritiseer nie. Ons sal moet meer vra as bevoordeel dit wat ek doen my eie belang, of my gemeente se belang of my besigheid of boerdery se belang. Ons moet vra of dit wat ek doen of wat ons as gemeente doen hierdie hele gemeenskap se belange bevorder.

Die gemeenskap om ons groei te vinnig- daar word gepraat van vinnige migrasie (fast migration). Malmesbury is sentraal, naby Kaapstad en die munisipaliteit en dienste werk basies die beste in die land. Ons skole is goed. Maar die skole kan nie al die kinders hanteer nie. Die munisipaliteit het net

baie meer huise en strate om te diens. Met gemeenskappe wat te vinnig groei neem misdaad dikwels toe. Dit sit onderwys, munisipale dienste en die polisie en vervolgingsgesag onder al meer en meer druk. Wie gaan die gemeenskaplike waardes van hierdie vinnig groeiende gemeenskap help bepaal as ons as Christene en kerke nie hier die voortou neem nie? Die sosiale kohesie- die verhoudings tussen verskillende gemeenskappe in Malmesbury is nie goed nie. Ons ken mekaar nie, ons is bang vir mekaar en ons vertrou mekaar nie. Wie gaan hierdie grense tussen gemeenskappe oorsteek as ons as kerke en Christene nie hier die voortou neem nie? Ja, daar moet huise in Malmesbury gebou word. Baie daarvan. Maar meer as dit moet hier community, eensgesindheid en gemeenskap tussen mense gebou word. Hier kan ons as Christene en kerke die leidende rol speel. Families val uitmekaar, gesinne val uitmekaar vertel mense uit verskillende konstekste om ons- maatskaplik, medies, die kerk, die polisie en die staatsaanklaers en die skole. Ons kan die belange van die gemeenskap bevorder as ons ouers kan help met eenheid in gesinne en families en met ouerskap. Die mediese kant van ons dorp deur die monde van dr Barry Smith vertel ons dat daar meer gefokus moet word op die sielkundige en emosionele gesondheid van mans. Want mans wat gefrustreerd is en nie kan voel wat hulle voel of met hul emosies kan handel nie, is verantwoordelik vir die meeste fisiese en emosionele geweld in gesinne en families. Wie beter as die kerke om mans te help om hul emosies te hanteer? Is die kerk nie die plek waar mans die vryheid sal ervaar om eerlik oor hul emosies te raak nie?

Derdens hoor die mense in ballingskap hulle moet bid vir die stad Babilon waar hulle in ballingskap is. Letterlik staan daar En soek die vrede van die stad waarheen ek julle in ballingskap weggevoer het en bid daarvoor tot die Here, want in die vrede daarvan sal julle vrede hê.

Psalm 122:6 het die Israeliete geleer om vir die vrede van een stad te bid- vir die vrede van hul eie hoofstad Jerusalem. Dit was tog gesien as die stad van God en die tempel soos een plek op aarde waar God se teenwoordigheid altyd is. Nou hierdie vreemde opdrag: Bid vir die vrede van Babilon. Met ander woorde, kry die hart en gesindheid teenoor Babilon en sy mense soos wat julle teenoor Jerusalem en sy mense het. Dis moes eintlik skokkend vir die mense in ballingskap gewees het: bid vir die vrede van Babilon soos julle vir die vrede van Jerusalem gebid het. Dit het beteken dat nie net Jerusalem die stad van God was en dat Hy daar teenwoordig is nie. Dit het beteken Babilon was ook die stad van God en Hy is ook daar teenwoordig. Bid ons vir die vrede van Malmesbury, het ons hierdie dorp en al sy mense lief soos God dit liefhet? As jy hierdie dorp liefhet moet jy veg daarvoor, op jou knieë in gebed en met jou tyd en diensbaarheid en vaardighede en opleiding en talente wat jy het.

Vierdens hoor die mense in ballingskap: wees hoopvol. Vers 14 veral: Julle sal My ontmoet (Ek sal my deur julle laat kry) en ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit (lot omkeer). Nebukadneser is in beheer nie, die Babiloniers is nie in beheer nie. God is in beheer. Ek dink ons as Afrikanermense

veral kan assosieer met die Israeliete se ervaring van ballingskap. Die kernervaring van ballingskap skryf iemand is dat ons êrens is waar ons nie wil wees nie of nie sou gekies het om te wees nie. Dis om met geweld en sonder jou instemming na plekke gevat te word waar jy nie tuis en gemaklik is nie. Ons as Afrikaners is by hierdie tyd in ons geskiedenis. Ons sou dalk nie hier wou wees nie- ons wens nogal dinge was anders. Ons het dieselfde versoeking as die Israeliete in ballingskap- jy het nie meer baie invloed in openbare sake nie, so onttrek jou daarvan.

Ons moet egter die teenoorgestelde doen. Ons moet gaan stem in die verkiesings, ons moet plant, ons moet oes, aan skoolsake deel neem, bome plant, die omgewing bewaar, iewers diens gaan lewer in ons gemeenskap, ander mense gaan ophelp, die grense na ander gemeentes en gemeenskappe gaan oorsteek. Ons moet hoopvol leef ook in hierdie tyd, want dis ook God se tyd. In hierdie dorp, want dit is ook God se dorp. Om die beste te maak van die tyd waarin ons nou leef, is die teken dat ons weet nie die ANC of die EFF of Afriforum of die DA is in beheer nie, God is in beheer.

Die Israeliete moes in Babilon betrokke gaan raak. Maar nie op Babilon se voorwaardes nie en volgens Babilon se waardes nie. Hulle moes betrokke raak as mense wat hul laat lei het deur die Torah, die eerste vyf boeke van die Bybel wat hulle Bybel in daardie tyd was. Hulle was mense van die Woord, mense wat hulle daardeur moes laat lei het. Dis soos Daniel wat in Babilon drie maal per dag gaan bid het net soos wat hy in Jerusalem sou doen. En dan daar opgestaan het om met bekwaamheid en onderskeiding in die regering van daardie land te gaan dien.

Ons moet deel neem aan die openbare lewe in ons dorp, aan gemeenskapsforums en die politiek, maar as kinders van die Here wat daarom sekere waardes het- soos hierdie wat hier bo my kop staan. (Liefde, intergriteit, eenheid, dissipelskap) As mense wat nie net dinge gedoen kry in die dorp nie, maar bid ook bid vir ons dorp. As mense van die Woord, as navolgers van Jesus wat daarom ander mense liefhet en dien en respekteer. Anders het ons in wese niks om werklik tot die belang of welsyn van hierdie dorp by te dra nie.

Wat die Here van ons as Sy kerk en kinders vra is nie gedagtes van hoop of woorde van hoop nie, maar daad van hoop. In Jeremia 32 gaan koop Jeremia grond in Juda wat verwoes is na die ballingskap, sy ekonomie die politieke en ekonomiese en militere en intellektuele leiers almal weggevoer in ballingskap. Hy koop juis in daardie tyd grond- toe landbougrond nie dertig persent geval het nie- toe dit waardeloos was. Dis 'n daad wat spreek van ontsaglike hoop. Dit getuig Wie werklik in beheer is- van hierdie tyd en die toekoms.

Ek is nie bang vir die toekoms nie. My broer en suster, liewe kinders, julle moet ook nie wees nie. Hierdie is nie net swaar en moeilike tye nie- dis saam daarmee opwindende tye vir ons as God se

kinders en Sy kerk. Hy gebruik hierdie tyd soos die ballingskap van Israel om ons van baie onnodige goed te stroop. Sodat ons sal leer om Hom opnuut en bo alles te vertrou. Hier is geleentheid om uit te reik na mense van ander gemeentes en gemeenskappe. God gaan Sy kerk in hierdie tyd saam sement want ons het mekaar nou nodig. Ek is dankbaar en baie bly om saam met julle en ons wonderlike God juis in hierdie tyd te kan leef.

Amen